Lofprysing en Aanbidding
25 Februarie 2024
Ds. Teodor van der Spuy

tvdspuy@moreleta.co.za

Inleiding

Daar is nie 'n tema in bediening wat meer reaksie uitlok as lofprysing en aanbidding nie. Dis 'n amper onmoontlike taak om almal gelukkig te hou binne 'n erediens.

1. Wat pla jou die meeste van die musiek by MK as jy sou moet krities wees?

Ons klagtes en frustrasies rondom musiek verklap baie keer ons verbruiksvooroordele waarmee ons sit. Wat ons in die gemeente beleef is dat klomp verskillende goed maak dat jou aanbiddingsbelewenis nie positief is nie. Alles van klank te hard of te sag, valse stemme, mense wat soos standbeelde lyk en ander wat te charismaties is. Teveel onbekende liedere, teveel Afrikaanse liedere, teveel engelse liedere, te lank staan te kort sit. Die klagstaat is belangrik.

Gesels saam

Lees saam

Lees: Hebreërs 10:23-26, Efesiërs 5:18-19, Kolossense 2:16-23, Johannes 20:19

Het jy die volgende geweet rondom lofprysing en aanbidding

1. Is lofprysing en aanbidding slegs die 4 liedjies voor die preek en die slotlied na die preek? Bespreek dit met mekaar?
2. Het jy geweet dat die amp van die aanbiddingsleier net so belangrik is as die predikant? Gaan lees oor die amp van die Leviete in die ou Testament spesifiek rondom musiek.
3. Dink jy die woorde wat jy sing van toepassing is net op die samesang of dink jy die woorde van liedjies beïnvloed jou lewe deur die res van die week?
4. As jy na die moderne kultuur kyk. Dink jy die rol van musiek is aan die kwyn of aan die toeneem.

Ons is almal aanbidders.
God het die mens geskape om hom te aanbid. Die oorhoofse tema van die totstandkoming van God se volk Israel word grotendeels gebou op die verstaan dat God die enigste God is om te aanbid. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart, siel, met al jou krag en al jou verstand. As dit die geval is speel aanbidding 'n baie groter rol in ons lewens as wat ons somtyds dink. Die duiwel sal enigiets moontlik doen om 'n afgod in jou lewe tot stand te bring wat eerder aanbid kan word as God Homself. Dis aanbidding in waarheid en Gees wat hierdie afgode in ons lewens een vir een laat tuimel en ons in staat stel om in verwondering van die troon van God te wees. Hoog en verhewe in die woorde van Jesaja.

Doen saam

Speel 'n lofprysingslied wat in julle groep vir julle spesiaal is. Maak julle oe toe en luister deur die lirieke. Fokus alleen op God en bespreek na die lied wat vir jou uitgestaan het.
Vra vir die Here om die belangrikheid van lofprysing en aanbidding binne 'n erediens maar ook deur die loop van die week vir julle te laat verhelder.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.